Beter Diens

FIETSE
RADIOS ens.

**H. VILJOEN**
**Pleinstraat**

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

Vol. VII, No. 10. VRYDAG, 14 AUGUSTUS, 1953 Prys 3d.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
19 AUG 53

Vir Alles Tuisgemaak Kom na
**DIE UITSPAN**
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.

## Die 220ste Tjek



*Mnr. Basil Wunsh, tesourier van die Joolkomitee, skryf die 220ste tjek wat die komitee uitreik, ten bedrae van £2,350 uit. By hom is (regs) mnr. Piet Lombard, voorsitter van die Joolkomitee en mnr. Con Botha, voorsitter van die Langenhoven-Gedenksaalkomitee aan wie die tjek oorhandig is.*

# L.G.S.-FONDS GROEI MET £5,000

## Voorlopige Sketsplan Reeds Goedgekeur

**GROOT studente-ywer was in hoofsaak daarvoor verantwoordelik dat die Langenhoven-Gedenksaalfonds gedurende die afgelope jaar met meer as £5,000 gestyf is, het die voorsitter van die Boufondskomitee in 'n onderhoud aan DIE MATIE verklaar. Daarbenewens is nog 'n groot stap in die rigting van die verwesenliking van die ideaal gedoen met die opstel van 'n voorlopige sketsplan van die voorgestelde gebou.**

Teen die einde van 1952 het die fonds op naastenby £13,000 gestaan, terwyl daar tans £17,837.16.9 op hande is, soos blyk uit die tesouriersverslag van die komitee wat gisteraand aan die Studenteraad voorgelê is.

### KOLLEKTE

Handelende op u aanbeveling van die vorige voorsitter, mnr. Gustav Bam, het die komitee gedurende die jongste somervakansie 'n kollekteveldtog deur studente van stapel gestuur wat die skitterende bedrag van ongeveer £1,360 opgelewer het.

Verdere donasies van studentekant het gedurende die loop van die jaar gekom van liggame soos die Universiteitskoor, die 1952-Juniors, die Jan Pierewietgeselskap en die P.S.O.

Verreweg die grootste enkele toevoeging tot die fonds is egter moontlik gemaak deur die grootste massapoging van studente — die Jool. Namens die Joolkomitee is onlangs naamlik 'n tjek vir £2,350 aan die Langenhoven - Gedenksaalkomitee oorhandig.

### OPGAWE

Verdere vordering vir die Gedenksaal is ingelui toe die Studenteraad teen die einde van verlede jaar op aanbeveling van die Gedenksaalkomitee en die Verenigingskomitee 'n opgawe van benodigde studentelokale in die voorgestelde gemeenskapsentrum wat saam met die Gedenksaal self opgerig sal word, goedgekeur het.

**Hierdie opgawe soos aangevul deur drr. Thom en Wilcocks het die argitek, mnr. Collins, in staat gestel om 'n voorlopige sketsplan van die gebou op te trek.**

Dié sketsplan is tans reeds deur sowel die studentekomitee as die ad hoc-komitee van die Universiteitsraad in breë trekke goedgekeur en het 'n beraming van bou- en ander koste moontlik gemaak.

### KOSTE

Hoewel alles daarop dui dat die oorspronklike geskatte koste van £80,000 hoegenaamd nie toereikend sal wees nie, is die algemene gevoel tog dat die studentegemeenskap liewer 'n groter bedrag sal insamel as om die gebou af te skeep.

„Dit is egter duidelik dat daar tans met rasse skrede gevorder word, en met die volgehoue toegewyde ywer van studentekant as wat vanjaar die geval was, lê die bereiking van hierdie ideaal glad nie meer in die verre verskiet nie," het mnr. Botha, voorsitter van die L.G.S.-komitee, ten slotte gesê.

## Dakpanne en Geute Afgeruk

**Terwyl 'n span werkers onlangs besig was om 'n paar reuse bloekombome tussen die Ingenieurs- en nuwe Landbougebou om te trek, het een van die bome skeef geval en op die voorste hoek van laasgenoemde gebou beland. 'n Klomp dakpanne en die watergeute is afgeruk en het aan stukke op die grond neergestort.**

Dit blyk dat die werkers die wortels om die boom oopgegrawe en losgekap het en die boom toe met 'n tou na die straat se kant oorgetrek het. Die gewig aan die een kant het die boom egter skeef laat val, sodat dit met 'n geweldige slag op die gebou neergestort het.

Daar is reeds 'n begin gemaak met die herstelwerk aan die beskadigde dak.

## P.S.O.-SPANNE BESOEK IKEYS

**Op uitnodiging van 'n bekende tabakmaatskappy het 40 P.S.O.-lede onlangs 'n besoek aan hul fabriek te Observatory gebring waar 'n hartlike onthaal hulle te beurt geval het.**

Daarna het P.S.O.A. en P.S.O.B. in 'n rugby-botsing teen die Privaat-Studente van Ikeys en Kollege-Huis onderskeidelik te staan gekom. Die A-span het 14—3 gewen, en die B-span het 6—0 verloor.

Op die terugreis het dit die geselskap aan rookgoed nie ontbreek nie.

## Joolwins Styg Bo Verwagting

**DIE verslag van die Jooltesourier, mnr. Basil Wunsh, toon dat die Jool vanjaar 'n wins van £8,000 opgelewer het, meer as wat aanvanklik verwag is. Van hierdie wins is £2,350 reeds aan die Langenhoven-Gedenksaalkomitee geskenk.**

Met die indien van die Jool se finansiële verslag deur mnr. Basil Wunsh, het die wins op £7,726 gestaan. As hierby nog £187.15.6 van tjeks aan die Universiteit uitgemaak en die uitstaande bedrae van agterstallige advertensie-gelde en post-gedateerde tjeks gereken word, kan die wins op £8,000 gestel word, 'n £1,000 meer as wat aanvanklik verwag is.

Die grootste bron van inkomste was die binnelandse veldtog waar £4,033.10.9 gekollekteer is. Die uitgawe aan hierdie veldtog verbonde was £250.

### JOOLBLAD

Die sirkulasie-bestuurder van die Joolblaaie, mnr. Marchand de Kok, het hom besonder goed van sy taak gekwyt, aangesien die verkope meer as 19,000 oorskry het en 'n wins van £870 opgelewer het. Die verkoop van 19,000 blaaie slaan die vorige Stellenbosse sirkulasie-rekord met meer as 5,000, terwyl die Kaap hierdie keer nog boonop verbode terrein was.

Die Jool-wins vergelyk goed met die van Rhodes waar vanjaar se wins van tussen £1,000 en £2,000 as 'n rekord beskou word. Ikeys verwag vanjaar 'n wins van onder £10,000.

Die Langenhoven-Gedenksaalfonds styg met £2,350 en nadat £700 vir volgende jaar se balans oorgehou is, sal die res in oorleg met die Noordelike stadsgebiede se Hospitaalraad bestee word.

## EREKLEUR-VOORSTEL AANVAAR

### Studente wat Onderskei Sal Vereer Word

**REGLEMENTE vir die toekenning van erekleure voortaan aan studente wat hulle op 'n besondere manier onderskei het, is deur die Studenteraad op sy jongste vergadering aanvaar.**

**Mnr. Piet Lombard**, voorsitter van 'n spesiale kleurekomitee, het op die jongste sitting van die Studenteraad konsep-reglemente vir die toekenning van ere-kleure voorgelê.

### KOMITEE

'n Komitee van ses lede is benoem wat benoemings deur die Studenteraad van persone vir ere-kleure sal oorweeg.

Hierdie komitee bestaan uit die Rektor, die voorsitters van die sport- en verenigingskomitee, twee lede van die doserende personeel en 'n addisionele Studenteraadslid.

Drr. Thom en Kirsten en mnr. Piet Lombard is as laasgenoemde lede benoem.

By toekenning van erekleure sal 'n persoon se plek in en betekenis vir die studente-unie, sy karakter en akademiese en sport-prestasies in ag geneem word.

Die Raad besluit dat 'n aantal ere-wapens aangekoop sal word en aan persone aan wie erekleure toegeken word, geskenk sal word.

Die wapen sal bestaan uit 'n gewone Universiteitswapen omring deur 'n lourierkrans en is aan dr. Anne de Villiers en prof. Malan insake die heraldiese vereistes voorgelê.

**Jaarlikse**
**MONSTER-VERGADERING**
**Donderdag, 20 Augustus 1953**
**Neethlingsaal**

## S.R.-DONASIES

**Die Studenteraad het op sy jongste vergadering besluit om 'n donasie van £25 te maak aan die Nasionale Tuberkulose-vereniging ter herinnering aan die gewese vise-kanselier van die Universiteit, wyle dr. Karl Bremer.**

Die skenking geskied in ooreenstemming met die versoek van die Bremer-familie dat geen blomme gestuur moes word nie, maar dat 'n skenking eerder aan liefdadigheid gemaak moet word.

Die Raad het 'n oomblik in stilte gestaan as huldeblyk aan dr. Bremer.

'n Donasie van £10 is ook geskenk ten behoewe van die oprigting van 'n skool vir die Afrikaanse gemeenskap te Eldoret, Kenia.


# L.G.S.-FONDS OP BYNA £18,000

HIERONDER volg die tesouriersverslag vir 1952—'53 van die Langenhoven - Gedenksaalboufondskomitee soos deur die tesourier, mnr. Koos van der Westhuizen, aan **DIE MATIE** verstrek is.

| | |
|---|---|
| Balans soos oorgedra van 1953 | £1,173 5 2 |
| Juniors 1952 | 420 0 0 |
| Universiteitskoortoer, Desember 1952 | 231 11 9 |
| Van Riebeeckfeeskomitee | 100 0 0 |
| Jan Marais Nationale Fonds | 100 0 0 |
| Insamelingsveldtog | 1,363 7 2 |
| P.S.O. | 100 0 0 |
| Verkope | 234 10 0 |
| Kleinere Private Donasies | 84 6 6 |
| Joolkomitee | 2,350 0 0 |
| | £6,157 0 7 |

Hiervan is £4,973 17s. 0d. reeds aan die Universiteit oorgedra.

| | |
|---|---|
| Bedrag voorheen by U.S. gedeponeer | £11,231 16 9 |
| Totaal by U.S., plus Rente | £16,770 15 1 |
| Bedrag in Bank | 1,067 1 8 |
| Posisie van Fonds | £17,837 16 9 |




# SNEEUGEVEGTE OP VICTORIA-PIEK

**VERWOEDE sneeugevegte en pragtige panoramas was die beloning van 'n groot aantal B.T.-kaners wat onlangs ten spyte van die koue, Victoria-piek gaan klim het.**

Nadat hulle plek-plek moes hand bysit om die busse uit die modderkolle in die Jonkershoekvallei te help, het die sowat 88 B.T.-Kaners dit nodig gevind om eers die inwendige mens te versterk voordat hulle die inspannede klim kon aanpak.

Die vars berglug en geurige B.T.K.-koffie was net die regte ding om die groepie verkluimdes in stoere bergklimmers te laat ontluik. Inwendig versterk en goed toegerus teen die koue, was almal haastig om by die sneeu te kom.

'n Verwoede sneeu-geveg tussen die voorklimmers en die slotte het ontstaan sodra die eerste sneeu bereik was.

Voordat die laaste skof teen die Dwarsberg uit aanvaar is, het die B.T.-Kaners hulle eers verlustig in die lieflike panoramas wat hulle aan beide kante van die berg ontvou het — aan die een kant die Jonkershoekvallei, en aan die anderkant die oorsprong van die Bergrivier.

Hoewel dit al middag se kant toe gestaan het toe die groep die voet van Victoria-piek bereik het, het hulle besluit om eers gou voor middagbrood die kop uit te hardloop.

**Bevrore voete en 'n knaende honger het die meeste egter tou laat opgooi voordat hulle halfpad na bo was, met die gevolg dat slegs sowat 20 die hoogste piek bereik het.**

Terwyl hulle met die sleë wat daar was, deur die sneeu geploeg het, het die res soos dassies op die klippe gesit om in die koesterende hitte van 'n baie welkom sonnetjie oor die verlate wit wêreld te staar.

Omstreeks drie-uur is middagbrood gehou, en is die terugtog in twee groepe aanvaar.

# S.R.-Verkiesing Vroeër Vanjaar

**TEN einde die nuwe Raad die geleentheid te bied om reeds gedurende hierdie kwartaal te funksioneer, is die jaarlikse Studenteraadsverkiesing vanjaar met twee weke vervroeg.**

**Mnr. Rudi Andrag,** voorsitter van die Studenteraad, het versoek dat ten einde die nuwe Raad reeds gedurende die derde kwartaal die geleentheid te bied om met hulle werksaamhede te begin, die verkiesing van die nuwe Raad vanaf die laaste week, soos gebruiklik is, te vervroeg na die eerste week van September.

Die nominasie van kandidate vir die verkiesing sal plaasvind op 'n Monstervergadering wat gehou sal word op Donderdag 20 Augustus.

Die huidige Studenteraad het reeds gisteraand sy laaste ver-

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

gadering gehou toe verslae van die verskillende sub-komitees voorgelê is.

# C.S.V.-Gebou-Dinee

'n Besonder gesellige dinee is verlede Vrydagaand deur die studente van die C.S.V.-gebou in die Murray-saal gehou. Die sagte kerslig en mooi blommerangskikkings het 'n aangename atmosfeer aan die saal verleen.

As eregaste het Prof. dr. en mev. Potgieter van die Kweekskool en Prof. dr. en mev. Van Rensburg van die Universiteit en mej. Vosloo die dinee bygewoon.

Mnr. Koot Jacobs, begelei deur mej. R. Cilliers en mej. A. Snyman, het onderskeidelik 'n sangsolo en 'n klaviersolo gelewer.

Na afloop van die dinee het die meer as 100 teenwoordiges die Stadsorkes se uitvoering in die Stadsaal bygewoon.

# Sonop-Primaria



(Foto: Edrich)

Vir mej. Geynor Kemp het die besondere eer te beurt geval om na 'n verblyf van slegs 'n jaar en 'n half in Sonop — een van die grootste dameskoshuise op Stellenbosch — as primaria verkies te word.

Nadat mej. Kemp in 1945 haar matriek aan die Rustenburg Girls' High School behaal het, het sy as mediese student aan die Universiteit van Kaapstad ingeskryf. In haar vierde jaar het sy besluit om haar kursus te verander en die B.A.-Regte kursus aan die Universiteit van Stellenbosch te kom volg.

Gedurende Julie 1952 is mej. Kemp op Sonop se huiskomitee verkies en aan die einde van die jaar as vise-primaria. Op die primaria-verkiesing van 3 Junie is sy tot primaria verkies.

Mej. Kemp stel lewendig belang in studenteaangeleenthede en dien op die oomblik op die redaksie van „Die Student," op die Debatsbestuur, en is sekretaresse van die Juridiese Vereniging. Gedurende die Jool was sy mede-hoofkonvenor van die Sonop-Huis Visser vlotte. Mej. Kemp is ook studenteverteenwoordiger van die Westelike Provinsie Bloedoortappingsdiens.

## BOFBALBESTUUR

Op die algemene jaarvergaring van die bofbalklub is die volgende persone gekies vir die bestuur van 1953:

Voorsitter: Mnr. Jannie Krige.
Kaptein: Johan Goossen.
Onderkaptein: Tom Barry.
Sekretaris: Tesman Beyers.
Ass. Sekr.: Hugget van Wyk.
Add. Lid: Zimran Potgieter.

## Waters waar Rus is

# Onvergelykbaar

Een van die gevaarlikste foute wat 'n mens kan maak is om dinge teen mekaar op te weeg wat onvergelykbaar is. Dit is hierdie fout wat verantwoordelik is vir die wêreld se grootste moeilikhede. Dit was hierde probleem wat telkens in Christus se pad kom staan het wanneer Hy probeer het om mense tot die regte keuse te beweeg.

Die stryd tussen die blywende en die tydelike, die geestelike en die materiële is so oud soos die mensheid self en in hierdie stryd word tienduisende verslaan omdat ons so traag is om die les te leer dat die verwarring van waardes gewoonlik lei tot die verlies van die waardevolste.

Die klassieke voorbeeld in die Bybel is dié van die Gadanéners wat kom kyk het wat die Here Jesus vir legio gedoen het. Dan volg daar die volgende snedige opmerking: „Die wat dit gesien het, vertel toe vir hulle hoe dit met die besetene gegaan het; **en ook van die varke."** Die rapport het daarop neergekom dat legio nou wel goed is, maar 2,000 varke was letterlik en figuurlik oor die wal! En dit was die waardasie van die varke wat gelei het tot die verdrywing van Christus uit daardie landstreek. Die varke was vir hulle meer werd as legio en ook meer werd as legio se Verlosser.

Daar is vandag nog mense wat sulke berekenings maak! Is dit dan 'n wonder dat Christus nie orals welkom is nie?




Suid-Afrika is Leeu-wêreld!

AA1143P

Colin Lockley
EN KIE
Pleinstraat
STELLENBOSCH

Spesialiteite in VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE

Die Afronding van u Uitstappie na die Strand is 'n Besoek aan
KAY'S KAFEE
EN „BAR LOUNGE"
(D. J. N. VISSER)
Die Byeenkomplek van Maties
Kusweg Foon 221
DIE STRAND

# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR:** JOZUA VAN DER LUGT (Huis-Visser).

**SUBREDAKTEURS:**

**NUUS:** GUSTAV SMIT (P.S.O.)

**KUNS:** PHILIP VAN DER MERWE (Dagbreek).

**SPORT:** GRAAFF OOSTHUIZEN (Dagbreek).

**VERSLAGGEWERS:**

**NUUS:** ALBERT OCKERSE (Huis-Marais); MANIE ACKERMANN (Huis-Visser); JAN VOSLOO (Wilgenhof); DREYER DE KOCK (P.S.O.).

**KUNS:** JEAN MURRAY (Huis-De Villiers).

**SPORT:** AMELIA LOEDOLFF (Monica); JOHN MALHERBE (P.S.O.)

**ADMINISTRASIE:**

**FINANSIES:** JAN HUPKES (Huis-Visser).

**ADVERTENSIES:** KOOS BURGER (Huis-Visser).

**SIRKULASIE:** J. A. DU PLESSIS (Wilgenhof).

**SEKRETARIS:** TIENIE BOTHA (Huis-Visser).

**FOTOGRAFIE:** BENNIE VAN RENSBURG (Wilgenhof).

**SPOTPRENTE:** LOURENS DE VILLIERS (Wilgenhof).

VRYDAG, 14 AUGUSTUS, 1953


# TÉ LEKKER

DIT is lekker om 'n Matie te wees.

Dikwels as 'n mens sit en dink oor die voorreg wat jy geniet om hier aan die Stellenbosse Universiteit te kan studeer, as jy dink oor die voorreg wat jy geniet om deel van hierdie studentegemeenskap te wees, dan word jy met 'n diep tevredenheid vervul.

En as jy hoor van dinge wat hier bereik is, veral deur die studente as 'n groep, kry jy 'n gevoel van trots in jou binneste — trots op hierdie gemeenskap waarvan jy deel is.

Noudat die finale Joolwinste bekendgemaak is, besef 'n mens eers watter grootse prestasie dit werklik was.

Daar was mense wat vooraf hulle koppe geskud het, mense wat nie geglo het dat van hierdie onderneming ooit veel sou kom nie. Andere het gehoop, maar tog getwyfel.

**Maar nou weet ons almal dat al ons vrees ongegrond was. Ons weet nou dat ons Jool iets is waarop ons tereg trots kan wees.**

Die sukses van die Jool en die sukses van dergelike ondernemings in die toekoms, beteken vir ons Gedenksaal veel. Die aansienlike styging wat daar vanjaar in die fonds was en die verwagte stygings in die volgende paar jaar, het die Gedenksaalkomitee in staat gestel om reeds ver te vorder met die uitvoer van hulle planne.

Nie lank meer nie en die werk van jare sal bekroon word.

Ja, daar is baie waaroor ons trots kan wees, maar — daar is ook ander dinge waaroor ons nie rede het om te spog nie.

**Dwarsdeur die wêreld is dit maar die gewoonte om die oë maar so 'n effe toe te knyp vir die oortredings van studente, maar nog nooit was student-wees 'n toelatingsbrief wat eenvoudig enige vorm van gedrag goedkeur nie.**

En as ons kyk na die gedrag van sekere mense, hoe dit soms hier toegaan, dan raak jy onrustig oor Stellenbosch. Dan wonder jy nie meer waarom die owerhede strenge maatreëls wil tref nie. Dan weet jy waarom diegene wat in ons belangstel, voel hier moet 'n verandering kom.

Dit is lekker om 'n student te wees; maar te veel soet smaak nie meer lekker nie.




**Diens!**

**Die diens wat ons lewer, is nie tot onmiddellike aflewering beperk nie. Ons rype ondervinding van byna meer as 'n halfeeu stel ons in staat om u van deskundige raad te bedien wanneer u uit ons voorraad die keurigste Wynsoorte, Spiritualieë, Bier en nie-alkoholiese drank vir u beter genot—en vir die waardering van u gaste, kies.**

**VAN DER STEL - DRANKWINKEL**

*Eienaars: R. Santhagens Cape Limited. Opgerig in 1910.*

**ANDRINGASTRAAT, STELLENBOSCH,**

**(Langsaan stadsaal) Telefoon 94.**


# IS DIT WEENS GEBREK AAN BELANGSTELLING?

**V. Dercksen, Van Riebeeckstraat, skryf:**

**DIE brief in verband met die begrafnis van wyle dr. Karl Bremer in die uitgawe van DIE MATIE van 31 Julie, is seker deur meer as een student met besorgdheid gelees. Met die opmerkings van die skrywer gaan ek volkome akkoord.**

Die minimale opkoms van ons studente na die begrafnis van ons universiteit se vise-kanselier is nie alleen opgemerk deur studente nie, maar ook deur die publiek. Uit die ongeveer 2,500 studente aan die Universiteit was daar seker nie 'n vyftigtal nie — veral damesstudente was feitlik nie opgemerk nie.

Dr. Bremer was nie alleen ons vise-kanselier nie, maar gewis is sy lewe en prestasies iets waarna elke jong Afrikaner in hierdie land streef. So groot was sy faam en bemindheid, dat hy alle seksies (insluitende sy eie opposisie in die politiek, die Joodse gemeenskap en die gehele Engelssprekende bevolking) daar 'n gevoelvolle roubeklag opgegaan het by sy heengaan.

Opmerklik by die graf was die aantal bejaarde mense. Hierdie mense het sy waarde besef en tog dien sy lewe in die eerste instansie vir ons jongmense (veral studente) as 'n spoorslag om steeds hoër te strewe.

Die feit dat die vry namiddag deur die meeste studente as 'n verlenging van die vakansie beskou is, soos deur die genoemde skrywer gemeld, getuig welseker nie slegs van passiewe ongeërgdheid nie, maar dui in die rigting dat die regte waardes nie aan regte dinge gegee word nie.

Laat ons hoop dat die skrale eerbetoon toe te skrywe was aan die vakansiegevoel wat toe nog geheers het en dat dit nie gewyt moet word aan 'n algemene gees van werklike gebrek aan belangstelling in 'n aangeleentheid wat van groot morele waarde vir elke student behoort te wees nie.

## Buro van Verlore Goedere

Inhandigers van goedere wat in besit van die Buro is en tenminste viermaal in DIE MATIE geadverteer is, kan sulke goedere in ontvangs neem Donderdagmiddag tussen 2- en 3-uur.

Sal die volgende persone so gou as moontlik kom kyk of hulle gesoekte voorwerpe onder die gevondes is:

Mej. R. Pretorius: pen; Mnr. D. Minnaar, Van der Stelstraat 5: sleutels; Mnr. K. du Pisani: Parkerpen; Mnr. L. Vlok: Parkerpen.

Ons is op soek na: Twee swart Parkers met silwerdoppe; Rooi damesreënjas.

Ons is in besit van:

1 Damesbril in leersakkie
1 Fisikaboek (Francois Grobbelaar)
1 Shilo Gebedeboek
1 Skuifliniaal
1 Bossie sleutels
1 Rooi Potloodsakkie
2 Hangertjies
1 Paar swart en wit oorbelle
1 Sakmes
4 Los sleutels
12 Vulpenne
1 Paar sandale
1 Kakie reënjas
1 Oorkrabbetjie
1 Ligteraambril
1 Dames aandsakkie
2 Leer geldbeursies

**Haal af by die S.R.-kantoor tussen 2- en 3-uur op Donderdagmiddag.**

A. VERWOERD,
(Konvenores).


A.S.B.
bied aan
DRIE
BLYSPELE
- Die Held
- Susters
- Ali, die Skoenmaker

Vrydag, 21 Augustus
in die
Konservatoriumsaal


## FLIEKKAARTJIES

Die volgende persone kry kaartjies vir die betrokke aande en moet hul kaartjies Maandag, 17 Augustus tussen 2.30 en 4.30 nm. by die Studenteraadskantoor kom afhaal.

Maandag, 17 Aug.: Delie Scheepers, C. J. Kruger. Dinsdag, 18 Aug.: G. J. Malherbe, Manie Burger. Woensdag, 19 Aug.: H. Babst, Arina Cloete. Donderdag, 20 Aug.: J. C. Henning, Louw Bruwer.

Die volgende persone moet hul kaartjies Maandag, 24 Augustus tussen 2.30 en 4.30 by die Studenteraadskantoor kom afhaal.

Maandag, 24 Aug.: D. E. van Dijk, S. Bodemer. Dinsdag, 25 Aug.: Rachelle Conradie, Eben Louw. Woensdag, 26 Aug.: E. van Rhyn, T. Barry. Donderdag, 27 Aug.: L. Southey, May Strauss.

ENA ROSSOUW.

*Wat dink u?*

## FOTOGRAFIESE UITSTALLING

**Dr. R. W. Wilcocks, ere-president van die Fotografiese Klub, sal aanstaande Maandagaand die eerste fotografiese salon wat die klub in 'n groot aantal jare gereël het, in die Phillimore - Ives Gedenksaal open.**

Die uitstalling neem die vorm van 'n Klubkompetisie aan en sal uit vier afdelings bestaan: argitektuur, natuur, portretwerk en „varia." Bekers sal by die openingsrede aan pryswenners oorhandig word.

Aangesien 'n aantal bekende beroepsfotograwe veel bygedra het tot die opbloei van die vereniging, is hulle ook genader om van hulle werk ten toon te stel.

Hierdie eerste poging van die klub word aangewend om lede aan te moedig tot groter belangstelling in die fotografiese kuns.

## BELANGRIK!

**Sal Juniors wat nog in besit is van skilderye en portrette wat die eiendom is van die dames van Huis-ten-Bosch, asseblief onmiddellik genoemde eiendom terugbesorg.**




KWALITEIT EERSTE

**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

**Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.**

*Rembrandt*

Kurk, ongekurk of filter—
Standaard en Van Ryn groottes

Kopiereg RM 148

# In Aanskoulike Wedstryd Geklop

**IN 'n uiters aanskoulike wedstryd, wat die skare van 10,000 op Nuweland telkens op hul voete gehad het, is die Maties deur die Ikeys met 8—0 verslaan.**

Die Maties was besonder ongelukkig om die wedstryd te verloor. Aangesien hulle nie ten volle van hul kanse gebruik gemaak het nie, en daar afronding van mooi bewegings ontbreek het, moes hulle egter die knie buig. Lance Nel het ook sy knie beseer en moes tydelik heelagter speel.

Die kern van U.K. se oorwinning het egter in die voorspel gelê. Die U.S.-voorspelers was nie opgewasse teen die Ikey-voorhoede nie en kon dus nie die bal genoeg aan hul gevaarliker agterlyn besorg nie.

Lance Nel die U.S. losskakel, het die skare dadelik op hul voete gehad met 'n pragtige breekslag van sy eie doellyn af wat die spel tot diep in U.K. se gebied gevoer het.

Die Maties het 'n kans om punte aan te teken verspeel toe Du Preez 'n losrollende bal opraap en Vorster oor die doellyn stuur. Die aangee was egter vorentoe. Nog 'n mooi beweging het byna op punte uitgeloop toe De Wet op die hoekvlag uitgeduik is.

Net voor rustyd het Loots, wat deurgaans goed vertoon het, U.K. se eerste punte aangeteken met 'n onvervyfde drie in die hoek, na 'n dwarsskop deur T. Smith.

Na rustyd het die Maties met 'n kwaai aanval afgesit. Na 'n voorspeler stormloop met Starke vooraan, het Du Toit egter, met 'n oop doellyn voor hom, aangeslaan.

U.K. se voorsprong is verder vergroot toe Martin oor die doellyn is, na 'n dwarsskop deur Loots. Loots het vervyf.

Die Matie-span het die seisoen goed begin, maar skyn deesdae daardie afronding van spel te kort. As hulle al die drieë gedruk het wat hulle kon, Nigrini drie betreklike maklike strafskoppe in punte kon omskep, kon die Maties maklik die waardevolle twee punte ingesamel het. So 'n uitslag sou geensins teen die verloop van die spel gewees het nie.

# Springbok-Bouler



Stellenbosch het vanjaar die voorreg om **Michael Melle**, die drie-en-twintigjarige Springbok-bouler, onder sy studentegeledere te tel. Die fris geboude en beskeie Mike het reeds onder sy medestudente vir hom 'n naam gemaak as 'n baie gawe kêrel. Veral die hokkiedames verkeer diep onder die indruk van sy persoonlikheid.

Mike het grootgeword in 'n krieket-atmosfeer. Sy vader is 'n voormalige Oxford-krieketspeler en het vir twee jaar as kaptein van die Transvaalse span opgetree. Ook sy suster is 'n voormalige W.P. hokkiespeelster.

Op Hilton, in Johannesburg, het Mike vir die eerste keer as krieketspeler begin ontluik. Later, terwyl hy as klerk in die Chamber of Mines gewerk het, het hy vir Wanderers diens gedoen.

In 1948—'49 verteenwoordig hy Transvaal teen die M.C.C.-toerspan. In 1949—'50, op negentienjarige ouderdom word hy gekies om Suid-Afrika teen die toerspan van Australië te verteenwoordig. Gedurende die daaropvolgende toer na Engeland het Melle die Springbokke se boulaanvalle in die toetswedstryde gelei.

In Australië, saam met Jack Cheetham se span vroeër vanjaar, het Melle in vier van die toetse gespeel. Hy het Suid-Afrika reeds sewe keer in toetswedstryde op die krieketveld verteenwoordig.

Mike doen ook diens vir die Maties se eerste hokkiespan, as agterspeler en skakel. So 'n bekende speler is 'n groot aanwins vir die Stellenbosse krieketklub, en met die turfbaan reeds in orde, mag dit nog die beslissende faktor wees om Stellenbosch in die W.P.-liga te kry.

# Atlete Reeds Aan Oefen

**Die sukses op vanjaar se Dalrymple-byeenkoms het veroorsaak dat die atlete daarna mik om hierdie seisoen nog beter te vaar.**

Verskeie atlete het al, onder die entoesiastiese leiding van hul nuwe kaptein, Christie Botha, begin oefen. Van die 1953 U.S.-kampioene is almal, behalwe Zach Joubert, nog beskikbaar. Sommige van hulle gaan egter aan die einde van die jaar weg. Dit sal dus baie gewens wees dat alle atlete nou al begin oefen, aangesien daar nie volgende jaar na opvolgers vir ons staatmakers gesoek moet word nie. Hulle moet dan al reeds fiks en bekend wees!

Daar gaan op heelwat byeenkomste meegeding word en die atletiek fynproewers kan maar

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)

hulle lippe begin aflek. Die Maties is van plan om op die volgende Dalrymple-byeenkoms (te Kaapstad) met Wits, die huidige kampioene, af te reken.

# U.S.-Stoeiers op Ligawedstryd

**OP 5 Augustus het die Matie-stoeispan aan hulle eerste ligawedstryd, teen Maccabi, deelgeneem. Alhoewel die span met vyf wedstryde teen drie verloor het, het geeneen van die Matie-stoeiers teleurgestel nie.**

Loubser (veergewig) het gesorg vir 'n verrassing toe hy in die mooiste geveg van die aand vir Pinott met punte verslaan het.

Philippus Viljoen (ligswaargewig) was ongelukkig om deur Reichmann vasgedruk te word vir 'n val, aangesien hy op punte ver voor was.

Die ander uitslae was: Stander (vlieggewig) verloor teen Smit met een val; Visser (kapokgewig) verloor teen D'Jesus met 'n val; Pretorius (liggewig) klop Gross met punte; Vorster (weltergewig) verloor teen Sheiner met 'n val; De Waal (middelgewig) verloor teen Basile met 'n val; Botha (swaargewig) klop Jack Ruben met punte.

Die stoeiers oefen elke Maandag- en Dinsdagaande om 7 uur. Aan hulle stoei teen Maccabi kon 'n mens sien dat hulle baie goeie afrigting ontvang. Aangesien daar nou 'n begin gemaak is met die ligawedstryde, is dit nou die tyd vir die sterk manne in die Matie-geledere om by die klub aan te sluit, om sodoende te help om die U.S.-span 'n bietjie op te stoot in die liga. Die span beklee tans die vyfde posisie.

## Veldwedlope

**U.S. se twaalf beste langafstandhardlopers het om die Stegmann-beker meegeding in die vyfde jaarlikse Kaapstad-Stellenbosch afloswedstryd.**

Alhoewel die Maties slegs vyfde uit die ses spanne in die A-afdeling kon kom, is hulle darem getroos deur die feit dat een van hulle atlete, dr. De Vos, die vinnigste tyd naamlik 26 min. 12 sek. vir die vierde skof (Kuilsrivier—Polkadraai) aangeteken het. Die uitblinkers was dr. De Vos en Pypers. Die B-span het in die B-afdeling die tweede plek verower.

*Manshokkie*

# SPAN TREE MET LOF UIT DIE STRYD

**HOEWEL die Maties se hokkiespan Saterdag weereens die knie moes buig voor Westelike Provinsie het hul nie sonder lof uit die stryd getree nie.**

As span het hul die waarde van die toer-ondervinding laat geld en het meestal op die aanval geboer. Die nodige afronding, daardie ekstra ietsie wat nederlaag in oorwinning kan omskep ontbreek egter nog.

Die Maties het gedurende die oorgrote deel van verloop van die wedstryd, territoriale voordeel gehandhaaf, en was voorwaar ongelukkig om nie punte aan te teken nie.

Na rustyd met die telling 1—0 teen hulle ('n strafdoel), het hulle wakkergeskrik en na 'n mooi beweging wat weereens die moontlikhede van die span getoon het, het Beukes 'n doel geskiet. Kort voor die einde het W.P. egter die wendoel aangeteken.

Eindtelling W.P. 2 U.S. 1.

# Ikeys klop Matie-dames

**'n Aanskoulike wedstryd, waarin die Ikey-dameshokkiespan met 'n telling van 3—2 gewen het, is verlede Saterdag op stellenbosch afgespeel. Die spanne het goed teen mekaar opgeweeg.**


Voor rustyd het albei kante vinnig aangeval, en het die Maties goed verdedig. Magdalena Bester, wat deurgaans goeie spel gelewer het, het albei doele aangeteken vir Maties. Mooi lang aangeë en goeie samespel het die eerste helfte gekenmerk, terwyl die Maties in die Ikeys se gebied geboer het.

Na rustyd is die bordjies stadigaan verhang. Ikeys was knaend op die aanval, en die Maties moes net verdedig.

Dit is ook gedurende hierdie tweede helfte wat die Ikeys punte aangeteken het. 'n Vaste voorneme om te wen, en 'n beslistheid om tot die einde te veg ontbreek by die Matie-dameshokkespelers.

*De Wet se Sensasiewekkende*
HERBOU-UITVERKOOP
KONTANT, HALFPRYS EN AFSLAG
NOU IN VOLLE SWANG
*Bouveranderinge Genoodsaak die Opruiming van Voorrade teen Ongehoorde Lae Pryse!*
**Hou ons Vensters in Kerk- en Birdstraat dop vir Uitstaande Waardes.**
Kom vroeg vir u Deel van hierdie Uitstaande Waardes.
**Matie-oortrektruie, om op te ruim teen 21/6**
**Universiteitsvlaggies . . . . . . . . 4/11**
KOOP KONTANT EN BESPAAR
***Uitverkoping in alle Afdelings***
**DE WETS**
„Vir Winskopies"
**Posbus 21** **Foon 20**
**STELLENBOSCH**

Mnr. D. R. van Rooyen, Boer, van „Die Rus", P.K. Waterbron, Dist. Bloemfontein, sê: „Kommando Filter-sigarette verskaf juis daardie sensasie van weelderigheid wat my laat voel asof die hele wêreld reg is. En, omdat beter tabak beter sigarette maak, is hulle geur en kwaliteit uitstekend".



Kommando
Filter!
Beter Tabak maak Beter Sigarette
G1-207
FILTER, KURK EN ONGEKURK




Deur **OKTAAF SPEKTRUM**

**Soos gewoonlik teen hierdie tyd van die jaar begin die Intervarsity- en ander liedjies so stadigaan verdwyn uit die badkamers uit en word hulle deur nuwes vervang — en dan weet 'n mens dat die Sangfees aan die kom is.**

**Party mense wil soms begin kla dat die Sangfees te pretensieus begin raak met al die soliste en vier klaviere en wat dies meer sy, maar die groot fout lyk vir my, is nie hierdie dinge nie, maar dat die „fees" 'n bietjie uit ons Sangfees dreig te verdwyn.**

En as dit verdwyn, raak die genot in die sang ook minder, en word die genot minder, word die belangstelling en die mense ook minder en dan sit ons net nou sonder 'n fees en sonder die sang ook.

### *Geniet die Sang*

Genot het net so min reg om uit ons sang te verdwyn as wat dit uit ons sport mag verdwyn.

Natuurlik beteken dit nie dat daar nie harde werk moet ingaan nie. Wie geniet nou tert as die huisvrou nie al die nodige ingegooi het nie of te lui was om die deeg deeglik uit te rol? Nee, die voorbereiding moet daar wees.

Maar geniet d'e sang, elke noot daarvan, geniet die oefeninge, geniet die uitvoering, en wees verseker dat die gehoor dit nog meer sal geniet — as dit moontlik is.

### *Maggie Loubser*

Na so 'n rukkie kleurloosheid, kom daar nou somaar weer 'n hele paar dinge om na te gaan kyk wat die skilderkuns betref.

Afgesien van Krentz wat nou weer hier uitstal en hier 'n kunsskool het, word daar binnekort ook 'n uitstalling gehou deur tien kunstenaars wat van ons beste jong en ouer kunstenaars sal insluit; mense soos David Botha, Piet van Heerden en Maggie Loubser.

So op die name afgegaan behoort hier heelwat meer te bewonder wees as wat ons in die afgelope tyd gesien het. Van sommige, soos Maggie Laubser veral, het 'n mens glad te lank laas iets gesien.

### *Drie Blyspele*

Op toneelgebied raak dit ook alweer net bedrywig. En eerste op die toneel is drie blyspele ten behoewe van die A.S.B. opgevoer. Dit sluit onder andere die stuk in wat so amper gewen het op die A.S.B.-kongres en ook 'n klugtige stuk op die eeue-oue tema van die ontseteling van die pantoffel-regering, maar hierdie keer in die eksotiese omgewing van die Arabiese Nagte.

Dan kom daar teen die einde van die jaar toe ook nog weer besoeke van die N.T.O. en die Vlaamse Toneelspelers.

### *Limelight*

Intussen word „Limelight" ook vertoon en wie wil nou ooit 'n Charles Chaplin-rolprent misloop?

**Daar is baie rolprent-kunstenaars wat 'n mens kan laat lag — alhoewel seker niemand so goed soos Chaplin nie — maar by hom gaan dit oor veel meer as net die lagspiere. Dwarsdeur sy „slap-stick" bring hy miskien baie meer lewenswysheid en erns as wat 'n mens in die sogenaamde „sielkundige films" kry.**

En die foute wat hy soms begaan is dié van 'n genie.

Natuurlik is hy weer alles in die prent: hoofspeler, regisseur, komponis, koreograaf — en ek het seker nog 'n paar dinge vergeet ook!

### *Jorda*

Ten spyte van dié miskien nie so 'n ideale program nie, het Stellenbosch, nes Kaapstad, onlangs duidelik gewys dat Enrique Jorda iemand is wat ons nie graag wil verloor nie; dat ons besef dat dit te betwyfel is of ons weer so 'n dirigent sal kry en dat die reeds-te-klein orkes waarskynlik nog verklein sal word.

Maar nes spyt nog altyd 'n goeie ding is, kom dit nog altyd te laat.

As die belangstelling altyd so was, sou daar maar nog finansiële moeilikhede gewees het, maar dan kon daar geen beskuldiginge gewees het dat Jorda nie vol sale kan trek nie. Dit sou die meeste van die onaangenaamhede vermy het en waarskynlik sou ons nie 'n goeie dirigent verloor het nie.

Vir ons op Stellenbosch is daar nog twee konserte. Laat ons vir oulaas wys dat daar darem ook diegene is wat dankbaar is.

# Groot Toejuiging Vir Enrique Jorda

**'N GROOT en entoesiastiese gehoor het mnr. Jorda lank toegejuig by die onlangse Simfoniekonsert, maar dis jammer dat 'n mens nie altyd so entoesiasties oor die program kon wees nie.**



*Ida Boshoff-Mostert en Floris Mostert oefen 'n toneeltjie uit „Ali, die Skoenmaker," een van die eenbedrywe wat die A.S.B. aanstaande Vrydagaand in die Konserwatoriumsaal aanbied. Die eenbedrywe word afgerig deur Marietjie Liebenberg en Limpie Basson.*

Die Midsomernagsdroom-musiek (Mendelsohn) is deurgaans gevoelvol vertolk, veral die Scherzo en Huweliksmars, alhoewel die koperblaas-instrumente darem 'n bietjie te veel oorheers het in die mars. Verder was mooi balans deurgaans 'n kenmerk.

**RAPSODIE**

Die mooiste werk was die Altrapsodie (Brahms) met die altsolis, Elise Lubbe.

Mej. Lubbe met haar egalige lyn en mooi toon, het 'n innige vertolking gegee, maar 'n mens het tog gevoel dat die woorde nie genoeg betekenis gedra het nie en daar was nie 'n groot genoeg kontras in stemming tussen die eerste deel en die verhelderende tweede deel nie.

Die kweekskoolkoor het 'n bietjie dunnerig geklink, en nie genoeg rykheid aan die werk gegee nie.

Die Simfoniese gedig van Liszt, „Hamlet," is ook met mooi balans en beheer gespeel, maar dit was vir my 'n onsamehangende geheel van effekte en stukkies wysies „signifying nothing" — om maar Macbeth aan te haal.

Die twee uittreksels uit Romeo en Juliet (Berlioz) het mooi melodieuse gedeeltes en soos gewoonlik by Berlioz, interessante orkestrale effekte gehad. Hier was weer 'n fyn vertolking met volle beheer oor volume en balans, behalwe in die opwindende slotgedeelte waar die blaas-instrumente darem weer die té min strykers te veel oorheers het.

Ten spyte van die mooi gedeeltes was 'n mens egter bly dat dit nie nodig was deur die hele „Romeo en Juliet" te moet sit nie.

P. M.

# Federasie van State Bepleit

**ONDER eerbiedige stilte het die Speaker en die Klerk van die Raad in pruike en togas onlangs die Murraysaal binnegekom om die eerste debat van die Kaapse Parlementêre Debatsvereniging in Stellenbosch 'n aanvang te laat neem.**

Alle sprekers het setels ontvang en die debat het volgens streng parlementêre prosedure verloop.

Nadat die klerk die dagboek gelees het en regeringskennisgewings, kennisgewing van vrae en mosies gegee is, het die Minister van Justisie (adv. Scobel) 'n mosie voorgestel „Dat die teenswoordige uniale grondwet van die Unie van Suid-Afrika deur 'n Federale Grondwet vervang word en dat die Regering alle nodige stappe moet doen om 'n Federasie van die State van Suidelike Afrika te stig."

Die minister het na die klein persentasie blankes en die uiteenlopende nie-blanke beleide verwys en gesê dat 'n federasie noodsaaklik is om verdeeldheid te vermy. Spreker het ook gemeen dat unifikasie in Suid-Afrika nie tot praktiese voordeel strek nie aangesien hier twee sterk blanke nasies is wat groter bevrediging in 'n federale grondwet sal vind.

Die leier van die Opposisie (dr. G. Hansman) het die mosie as die imperialistiese idees van Rhodes in 'n vreemde gedaante beskou. Spreker het gesê dat die genootskapsidee van federasie die Unie sal dwing om 'n eie beleid van Apartheid prys te gee.

Volgens die Opposisie-leier is die enigste rede waarom Unifikasie in Suid-Afrika nog nie ten volle 'n sukses is nie, die feit dat 'n seksie van die bevolking nog nie die „Home" vergeet het nie en hul nog nie hart en siel by die lot van hul nuwe Vaderland ingewerp het nie.

Nadat die Speaker 'n dwarsbankelid van Malmesbury gevra het om nie „dagga-pilletjies" in die Raad te eet nie, het die agbare lid die Opposisie se teenkanting van die mosie en die Regering se ondersteuning as 'n poging om hul posisie in die Raad te hou, bestempel.

Nadat nog verskeie lede van die Raad hul standpunt gestel het, het die minister van Justisie gesê dat die aspirasies van die naturelle deur federasie bevredig moet word indien die mag van kommunisme beperk wil word.

Die meerderheid van die Raad het hul ten gunste van die mosie uitgespreek maar die Opposisieleier het daarop gewys dat 'n

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

twee-derde meerderheid vir so 'n konstitusionele verandering nodig is.

Die Raad is hierop verdaag.

# CATHLEEN LONG TOON INSIG EN BELANGSTELLING

**MUSIKALE insig, gepaard met sterk intellektuele beheersing was die hoofkenmerke van Kathleen Long se spel in haar klavieruitvoering.**

Die beste spel is waarskynlik gelewer in die ouer werke, veral in die twee Scarlatti-sonates en die Couperin-werkie waarin haar heldere aanslag opgeval het. „The Tick-tock Shop" van laasgenoemde komponis het sy met opvallende gemak en vrolikheid vertolk met net die regte aksent op elke noot.

Die twee Chopin-werke was gekenmerk deur te veel „intellektuele beheersing." 'n Vertolking van hierdie komponis word maklik ondraaglik, maar sonder heelwat emosie en „digterlikheid" bly daar weinig van hom oor, en hiervoor was mej. Long se benadering te saaklik. —P.M.

# Wilgenhof-Huisdans

**Elkeen wat ,Wilgenhof se huisdans onlangs in die Banketsaal bygewoon het, kon tereg hul innige spyt uitspreek dat die aand weer een van dié was wat teen die wens van almal tog moes verbygaan.**

Aanvallige nooientjies en Bernie se orkes het geen geringe aandeel gehad aan die gees van spontaniëteit wat die funksie gekenmerk het nie.


DIE PANORAMA-KAFEE

ELKE DAG TOT U DIENS (insluitende Sondae)
VANAF 8.30 vm. TOT 11.30 nm.

• MAAK DIE PANORAMA U VERGADERPLEK VIR ALLE GELEENTHEDE

Altyd onder die Persoonlike Toesig van die Eienaars:
MNR. EN MEV. E. W. BURTON.

ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH
Foon 1091

PAS ONTVANG!

Schenkt man sich Rosen in Tirol
Niemand liebt dich so wie Ich
Erna Sack—Marcel Wittrisch
Ich hatt' einen Kameraden
Musikkorps 3, Batl. 9, met Koor

D. JUSTUS
MUSIEKWINKEL
PLEINSTRAAT STELLENBOSCH


Waar Goeie Klerasie Minder Kos.

ALLEENAGENTE VIR VEKA
VOORRAADHOUERS VAN EMBASSY-PAKKE
EN CONSULATE-HEMDE

Ons Kleremakersafdeling waarborg Tevredenheid of u Geld terug.

DIE EIKESTADWINKEL BPK.
PLEINSTRAAT — STELLENBOSCH

## Seetoneel



*'n Treffende Seetoneel. Een van die talle foto's wat deur die Fotografiese klub op hulle uitstalling in die Phillimore-Ives Gedenksaal vanaf 17 tot 22 Augustus ten toon gestel sal word. (Sien berig op bladsy 3.)*

# INGENIEURS VERANDER VAN VERE

**TWEE derdejaarstudente in ingenieurswese het skielik besluit om nie net te sê: „Ai, maar manskleredrag is prosaïes nie," maar om 'n verandering voor te staan.**

Om hul besluit uit te voer het hul die motto „terug na die ou weë," voor oë gehou en die aand het die twee here uitgevat in twee „Derby"-hoede, rooi strikdassie met 'n pyp en wandelstokkie hul opwagting by Sonop gemaak.

Die uitwerking was so gunstig en spontaan dat hul die volgende môre in dieselfde mondering klas geloop het. Dit lyk asof hierdie ongewone uiterlike die proffie in 'n goeie bui geplaas het, want die klas het afgesit vir 'n koppie koffie.

Die ander ingenieurs het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om al die „Derbies" by die winkel op te koop.

Ons kan dus binnekort 'n algehele verandering in die ingenieurs se tradisionele slordige kleredrag verwag.

## MONICA HOU HUISDANS

**Met Enrique Breytenbach voor die klavier en Epstein agter die dromme, het Monica onlangs 'n baie aangename huisdans gehou.**

Die danskomitee, met Trude Louw as konvenor, het vir heerlike verversings gesorg, terwyl kunssinnige Monicaners pragtige rangskikkings teen die mure en op die verhoog uitgetower het. Met behulp van donkerrooi kreukelpapier is die skerp ligte sodanig verdof dat dit net die regte atmosfeer geskep het.

As eregaste was verteenwoordigers van die verskillende koshuise uitgenooi.

## C.S.V. HOU BASAAR

**Soos altyd in die verlede was die belangstelling en die opbrengs van die C.S.V.-basaar, wat onlangs gehou is, baie bevredigend. Ten spyte van die feit dat Lydia 'n huishoudfunksie en Stellenbosch-Wes hul kerkbasaar gehou het, was die totale opbrengste ongeveer £350 met nog bedrae uitstaande.**

Die verrigtinge het die oggend vroeg begin en baie gou was al die eetware en lekkernye verkoop. Die groot verskeidenheid speletjies is goed ondersteun.

Die aand is aan speletjies gewy terwyl daar nog hier en daar 'n eet- en drinkdingetjie verkrygbaar was.

# Klompe En Mussies By Lydia

**MET hulle huisfondsfunksie wat die Lydia-dames onlangs gehou het, is hulle besoekers verplaas na die land van dyke, klompe en mussies.**

Vroeg die oggend reeds was daar al 'n gewoel van klompe en wye rompe om die groot verskeidenheid lekkernye in gereedheid te bring vir die talle gaste.

Daar was verskillende speletjies om die eetlus op te wek, en na versterking van die innerlike, kon daar selfs 'n blik in die toekoms verkry word by die fortuinvertelster.

Die verklaring vir die lang tou, wat geduldig op die fortuinvertelster gewag het, is natuurlik eksamenvertwyfelinge, of toe te skryf aan die invloed van die naderende lente, het een Hollandse heer beweer.

Die funksie is in die aand afgesluit met 'n informele dans in die Banketsaal. Almal wat daar was, was aangesteek deur die jolige stemming. Hier en daar, was daar selfs tussen die kappies en voorskootjies 'n deftige Hollandse heer te sien — kompleet in tradisionele drag, met pyp in die mond!


*Laat ons vir u Oë Sorg*

**Die moderne lewensomstandighede verg dat 'n mens duidelik en sonder inspanning moet kan sien. Maak seker van u gesigsvermoë deur middel van:**

* ***OOGONDERSOEK***
* ***OOGTOETSE***
* ***VERKRYGING VAN DIE KORREKTE BRIL, INDIEN NODIG***

**Die moderne gekwalifiseerde optometris (oogkundige) is spesiaal opgelei om u te help met u gesigsprobleme.**

**Vir die inligting van die publiek word die volgende lid van die Vereniging te Stellenbosch toegelaat om die simbool van die Vereniging, soos hier afgebeeld, te vertoon en die letters „F.O.A. (S.A.)" te gebruik.**

**D. E. THERON, Bestuurder**
**(J. MULLER en SEUNS (Eiens.) Bpk.)**
United-gebou, Pleinstraat.

Geplaas met goedkeuring van die S.A. Oogkundige Vereniging



APTEKERS

*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*

**JOERNING EN SEUN**
**(EIENS.) BPK.**
**FOON 24**
**H/v BIRD- en PLEINSTR.,**
**STELLENBOSCH**


# Skinderstories

DAG,

Kyk, kyste, verlowings en troues interesseer my nou so waar as vet nie meer nie. Dit raak 'n slegte gewoonte. Die teenoorgestelde is baie interessanter. Daarom moet ek net kwout van **Martina** en **Luddy Diener** se kys wat oor die wal is.

Mens hoor gewoonlik van ridders wat blomme aan mooi meisies stuur. Sal dus graag wil weet waar **Piet Retief** die ruiker blomme vandaan gekry het.

Op Stellenbosch is baie korrupte dinge. Een daarvan is sowaar daai telefoon in **Piet Lombard** se kamer. Kamma vir besigheid, maar ek vang mos nou die dag sy kam daar, besig om met 'n meisie te gesels. En intussen is Lydia s'n niks meer as net 'n nommer nie. Gelukkig het **Erika Herselman** en **Dirk** nie so iets nodig gehad om te doen wat hulle wou nie.

Die C.S.V.-basaar het ook sy skandes gelewer. Harmonie het reeds koeksisterberoemdheid verwerf, maar hulle produseer toe nog 'n paar „wilde osse" ook. Dit was toe **Verma** en **Therese** se aangename taak om „sondebeeste" uit te ruik. Ek twyfel ook nou nie meer aan die feit dat **Alta Bekker** se grootjie 'n Jood was nie.

**Lincoln,** jy maak nie mooi nie. Jy kom drink dan tee by Monica as **Ina** nie daar is nie. Foei. Wat die fout is weet joos, maar **Sunella van Niekerk** bloos glo ontsettend as mens net praat van „Saterdagaand — swart motor en lamppaal."

Daar word gepoog om 'n nuwe rekord op te stel deur die myl in vier minute te draf. **Dawie Pypers** doen egter nie meer mee nie want hy het 'n nuwe een opgestel, naamlik om binne een week met **Marie-Louise** te kys.

Terwyl ons met „sport" besig is, moet ek meld dat **Michael Melle** nou sy eie paaltjies moet verdedig teen **Joan** se boulwerk. Intussen vang **Mnr. Suid-Afrika** ook nog daar „shine."

**Willem Vermeulen,** al noem die manne jou ook oupa, ek hoop die liefde sal alles heel!

Heel onromanties was egter **Tollie Lamont** se poging om 'n hond by die asblik skrik te maak. Die omgekeerde het egter gebeur toe die hond begin grom.

Terug na romanse as ons uitvind dat **Faith Hill** steeds met 'n Witsie se beret onder haar kopkussing slaap om die verlangste te stil.

Die „blind-dates" by die volkspele beteken tog baie vir 'n mens. Dit het byvoorbeeld vir **Hannarie van Heerden** gesteun in haar poging om vir „hom" te ontmoet (al was die „hom" net my ou vriend **Emile van Zyl**).

Die tekens van die tye is deesdae sigbaar by **Una Rossouw, Martie Thiart** en **Ronelle Boshoff.** Hulle maak naamlik eksperimente met die korter rokke. Wat sal dit tog oplewer?

Ek gaan weer digterlik raak. Hierdie keer kwout ek D. J. Opperman:

„ . . . O my nooi is 'n nartjie . . .
Daar's 'n vrou vir elke geur!"

Dit is die taal van **Annaleen Claassens.**

Ek sien **Dirk de Beer** kuier hier. Kan ons dalk nuus verwag, **Gideonie,** of kom loop hy H.P.O.D.? Ek wens darem iemand wil vir my 'n blou trui brei.

Jammer ek kon nie gaan sneeu kyk nie, al was dit net om te sien hoe **Petro Olivier** wegsak. Die helpende hand — ek wonder wie s'n dit was?

Met al die toenemende belangstelling in rugby bly **Hester Strauss** en **Reynie Reynecke** ook nie agter nie. Mik albei na die rugbyspelers.

Nou, onthou: „The old grey mare . . . "

Onwillig die uwe,
RONDLOPER.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.


**WEES BETER GEKLEE — MAAR BETAAL MINDER**

**HOE?**

**HIER IS DIE ANTWOORD:**

**AFGEKEURDE FABRIEKSKLERE VAN DIE BESTE KWALITEIT. Skaars merkbaar beskadig.**

**MANS:** Hemde, Slaapklere, Onderklere, Sokkies, Broeke, Kortbroeke, ens.
**DAMES:** Rokke, Nagklere, Bloese, Onderklere, Kamerjaponne, ens.

VERKRYGBAAR BY

**DAWSON'S VAN PAROW**

TWEE WINKELS

**Bushalte 53 VOORTREKKERWEG, PAROW** en **Wesselstraat, PAROW-OOS**